# Orionland Kleuterskool

# NASKOOLSENTRUM

## ☆ ALGEMEEN ☆

- Die kleuterskool se naskool funksioneer apart van die laerskool se naskool.
  Daar is 4/5 dames wat by die kleuterskool se naskool betrokke is.
- Tye: 13:00 – 17:30
- Leerlinge se kledingstukke, sakke, kosblikke en bottels **moet** asseblief **duidelik gemerk** wees.
- **Die Naskoolsentrum is tydens die skoolvakansies gesluit.**
- Indien daar genoeg belangstelling is, word ’n vakansieprogram (teen ’n addisionele fooi) aangebied.
- Ons wil ons naskoolouers ook vriendelik versoek om nie in die skoolgronde in te ry om die kinders by die naskool af te haal nie.
- Ouers moet ***self*** hul kleuter by die Naskoolsentrum kom afhaal. Geen kleuter sal aan ‘n vreemde persoon afgegee word nie. Indien u nie self u kleuter kan kom haal nie, moet u ***skriftelike toestemming*** gee en reëlings tref met die naskooldame.
- U kleuter mag ***GEEN*** speelgoed naskool toe bring nie.
- Alle naskool kleuters moet asb. daagliks uitgeteken word en die tyd moet ook aangeteken word. Kleuters mag SLEGS deur persone, soos aangedui op inskrywingsvorm, uitgeteken word. GEEN laerskoolkinders mag kleuters uitteken nie.
- Let wel dat alle kleuters na die kleuterskoolsaal geneem word op reënerige/koue dae.

**VERVERSINGS**

Kos word deur die Naskoolsentrum voorsien. Die kind/ers ontvang daagliks ‘n ligte ete en koeldrank (±13:00 en ±15:00). U hoef dus nié ekstra kos saam te stuur vir die naskool nie.

**SELFOON – 082 921 8175 (Joey)**


Indien u gedurende die skooldag naskoolreëlings moet tref, kontak asb. u kleuter se klasonderwyseres.


**Indien u u kleuter nie vóór 17:30 kan kom afhaal nie, moet u asseblief die personeel inlig, sodat die nodige reëlings getref kan word.**

Orionland Kleuterskool

# ORIONLAND KLEUTERSKOOL

# NASKOOL





| | |
|---|---|
| 12:55 | Naskooldames gaan haal kleuters by die kleuterskool<br>Kleuters tree aan in klasgroepe |
| 13:05 | Register |
| 13:10 | Kleuters beweeg na kleuterskoolsaal |
| 13:15 | Bedien toebroodjies en sap |
| 13:30 | Beweeg na die kleuterskoolterrein<br>Gr. 000-kleuters bly agter om te slaap |
| 13:35 | Toiletroetine |
| 13:45 | Vryspel op die kleuterskoolterrein |
| 14:45 | Toiletroetine. Gr. 000 (wat geslaap het), beweeg na die kleuterskoolterrein. |
| 14:55 | Kleuters kom bymekaar om te eet |
| 15:00 | Bedien toebroodjies, vrugte en sap |
| 15:40 | Vryspel op die kleuterskoolterrein |
| 16:10 | Toiletroetine |
| 16:40 | Beweeg terug na die kleuterskoolsaal (elke dag) |
| 17:30 | Naskool sluit |